## 16 Junie — Jesaja 6

### *Verlos tot diens*

Terwyl die aardse troon in Jesaja se tyd leeg is, is God steeds op sy verhewe troon in beheer van die hele skepping. Hy verskyn aan sy profeet. Maar in die teenwoordigheid van die almagtige en heilige God krimp 'n sondaarmens ineen, want voor God is die sondaarmens 'n nietigheid. Maar kyk net wat gebeur! Van die altaar van die versoening bring 'n engel van God 'n warm kool en raak die profeet Jesaja se mond daarmee aan. Hy hoor die heerlike boodskap van genade. Jou skuld is weg. Jou sonde is versoen. Die heilige God reinig sy sondaarkind. Maar dit is nie al nie. "Wie sal Ek stuur?" God verlos tot diens! Hy wil Sy verlostes stuur. Wat doen Jesaja? Hy wat die ware betekenis van sy verlossing ken, sal die erns van sy roeping besef. Sonder om te huiwer of te skroom kom die antwoord: "Hier is ek, stuur my". Hy moet die wêreld gaan vertel van God se suiweringstyd wat aangebreek het.

En ons? By die altaar van die Nuwe Testament (kruis van Golgota) is al ons sondeskuld weggeneem. Ook ons is verlos - tot diens! Ken ons werklik die betekenis van ons verlossing? Dan sal ons ook in hierdie donker dae die erns van ons roeping uitleef. Ons sal God hoor vra: "Wie sal Ek stuur?" Dan sal ons ook bereid wees om elke dag sonder skroom te antwoord: "Hier is ek, stuur my".

Sing: Psalm 50:1, 11 — Ds. I.W. Ferreira (Magol)